# BEDRYWIGHEDE VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Aangesien *Historia* as die mondstuk van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* beskou kan word, is dit seker nie onvanpas dat daarin van tyd tot tyd besonderhede verstrek word oor die bedrywighede van die *Genootskap* nie. Aan die ander kant pas dit 'n vaktydskrif nie om vroeg en laat mededelings oor vergaderings en byeenkomste te plaas nie. Vir hulle wat belangstel in die werk van die *Genootskap* is daar genoeg notules en verslae beskikbaar en uit die argief van die *Genootskap,* wat met die jare aangroei, kan alle besonderhede opgediep word. Waar die redaksie dit dan wel nodig vind om mededelings oor die bedrywighede van die *Genootskap* te verstrek, sal dit beperk word tot enkele en uiteraard onvolledige grepe.

Tydens die Jaarvergadering van die Federale Hoofbestuur op 19 en 20 September 1969, hierdie keer op Stellenbosch, is daar 'n geskiedenis-konferensie, saamgeroep deur die Kaaplandse hoofbestuur, gehou, wat die hele eerste dag in beslag geneem het. Dit is besonder goed bygewoon deur historici, onderwysers en ander, van oor die hele Kaapland en die geesdrif was aansteeklik. So veel as ses referate is gehou, almal deur persone uit die praktiese onderwys en almal oor een of ander aspek van die dosering van die vak op laer- en hoërskool. Weens gebrek aan ruimte kan ons nie méér besonderhede verstrek nie.

Op 25 September 1969 het die voorsitter van die *Historiese Genootskap,* dr. J. J. van Tonder, vergesel van proff. C. F. J. Muller en F. J. du T. Spies, 'n kort onderhoud met Sy Edele mnr. J. P. van der Spuy, minister van Nasionale Opvoeding, gehad. Onder andere is die volgende sake bespreek: die opleiding van Geskiedenis-onderwysers en die onderrig van Geskiedenis op skool, die stand van Geskiedenis op onderwyskollege en universiteit en die dalende persentasie leerlinge wat Geskiedenis as eksamenvak aan die einde van hulle skoolloopbaan aanbied, die vakkeuse op skool en die wenslikheid om Geskiedenis 'n verpligte vak te maak. Die minister het met belangstelling aan die bespreking deelgeneem en ook een en ander omtrent die onderwys in die land van sy vorige ambassadeurskap meegedeel.

Op 10 en 11 Oktober 1969 het die Jaarvergadering van die Transvaalse afdeling van die *Historiese Genootskap* op Springs plaasgevind. Dit is gekoppel aan 'n Krugerdag-viering en het die gebruiklike patroon gevolg: 'n byeenkoms in die stadsaal die aand van die tiende, volledig met 'n toespraak oor president Kruger, historiese tablo's, spreekkore, ens. en nog 'n byeenkoms die volgende oggend met referate deur prof. F. A. van Jaarsveld en dr. J. C. Otto, L.V. Die verrigtinge is afgesluit met die onthulling van 'n gedenksteen in Murraypark deur die burgemeester ter aandenking van president Kruger se verbintenis aan die plaas *Geduld,* wat hy besit het toe daar goud ontdek is, en wat hy toe weer

verkoop het en die geld aan die regering van die Z.A.R. aangebied het om voorbereidings te tref vir die dreigende oorlog.

Vanjaar word die Jaarvergadering van die *Historiese Genootskap* (Transvaalse afdeling) op Vrydag, 4 Oktober, op Vanderbijlpark gehou. Sy edele senator Jan de Klerk, President van die Senaat, het ingestem om gedurende die aandfunksie 'n toespraak te lewer. Gedurende die middag sal prof. J. S. du Plessis van Potchefstroom en mnr. Leuchner, inspekteur van onderwys, een en ander meedeel van hulle onderskeie studiereise oorsee, terwyl dr. O. Geyser oor die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand sal praat.

Die jaarvergadering van die Federale Hoofbestuur word vanjaar in Bloemfontein gehou. Dié datum sal later bekendgestel word.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

*Bachman, Van Cleaf,* Peltries or Plantations. The economic policies of the Dutch West India Company in New Netherland, 1623-1639. Pp. VIII, 183. 72s. The John Hopkins Press, Baltimore and London, 1969.

*Chadwick, John,* International organizations. (Twentieth century world). 12/6. pp. X, 103. Methuen Educational Ltd., London, 1969.

*Deanesly, Margaret,* A history of the Medieval Church 590-1500. 18s. 90p., pp. 283. University Paperbacks, Methuen and Co. Ltd., London, 1969.

*Epstein, John,* How the world changed. Volume I, 1900-1939; Volume II, 1939-1968. (Twentieth century world). Each vol. 12/6, pp. 91 and 96. Methuen Educational Ltd., London, 1969.

*Harrison, Brian and Trinder, Barrie,* Drink and sobriety in an early Victorian country town: Banbury 1830-1860. (The English Historical Review, supplement 4). R1.45, pp. 72, Longmans, 1969.

*Minchinton, W. E.,* The growth of English overseas trade in the 17th and 18th centuries. 16/-, pp. VIII, 196. A University Paperback Original, Methuen and Co. Ltd., London, 1969.

*Mitchison, Rosalind,* A History of Scotland. 28s, pp. X, 468. Methuen and Co. Ltd. (University Paperback original), London, 1970.

*Schelochowzew, A.,* Chenisische Kulturrevolution aus de Nähe. Augenzeugenbericht eines sowjetisschen Beobachters. DM. 24, pp. 320. Deutsche Verlags-Anstalt, Stuttgart, 1969.

*Serfontein, J. H. P.,* Die verkrampte aanslag. R3.50, pp. 269. Human en Rousseau. Kaapstad en Pretoria, 1970.

*Trevelyan, Humphrey,* The Middle East in revolution. Pp. XI, 272. Macmillan and Co. Ltd., London, 1970.

*Trevor-Roper,* The Past and Present. History and Sociology. (Reprinted from Past and Present, a journal of historical studies, Number 42, February, 1969).